# Diensnuus

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

## Feite met Freek!

* Die reis is die ervaring van die lewe
* Die pad stel die verskillende momente voor in die lewe
* Soms is daar draaie en dinge is onvoorspelbaar. Gelukkig is daar padborde!
* Hier en daar is dit opdraende en soms weer afdraende. Dit impliseer moeilike en maklike tye.
* Die natuurskoon is die dinge wat mooi is in die lewe, wat soms in die gejaag om `n doel en eindbestemming te bereik, gemis word.
* In die begin van mens se lewe vat jou ouers verantwoordelikheid vir jou en later jy vir hulle of ander in jou lewe. Verantwoordelikheid word soms gedeel of verdeel.
* Omdat ons so doelgedrewe en eindbestemming bewus is, ry ons soms die reis sonder om die mooi en lekkerte van die kuier op die pad te geniet.

**Sondag 5/5**

**ARBEIDSONDAG SINODALE BID & DANKDAG**

***DANKOFFERSONDAG***

**09:30 Erediens / Kategese**

Deuroffer: Jeugwerk

Diensbeurt: Kerkstraat

*Rondgaande Dominees:*

*Ds.Dewald du Toit preek by Caledon-Wes gemeente.*

**5-5-9/5**

**SOLITAIRE Pinkster 18:30**

**9/5**

**Kerkantoor gesluit**

**HEMELVAART**

**19:00 by Caledon Wes.**

**Sondag 12/5**

**MOEDERSDAG**

**09:30 Erediens / Kategese**

Deuroffer: Protea Dienssentrum

Diensbeurt: Kleinwyke

**12/5-16/5**

**Pinkster:Moedergemeente**

**18:30**

* Dis belangrik om te besef dat daar ook ander mense in die lewe is, wat jou pad kruis.
* Hulle het ook elkeen `n storie, `n ervaring.
* Soms is hulle ervarings negatief op jou en soms positief.
* Meeste kere gaan die mense op die pad van die lewe net by ons verby, ander kere nie.
* Of hulle verbygaan of nie, op die ou end is elkeen alleen in sy/haar lewe.
* Ons moet nooit die reis mis nie, dis deel van die ervaring van die lewe!

The moral of the story: Ons moet net die lewe geniet en nie verval in verant-woordelikhede en moeilike dinge, wat ons soms moeiliker maak as wat dit is nie. Ons moet die lewe LEEF! Ons het net een lewe....geniet dit! In die nakoming van verantwoordelikhede lê daar natuurlik ook `n ryke ervaring van menswaardigheid en so ...mens kan dit ook nie mis nie. Stop net bietjie langs die pad en kyk na die blomme (sonneblomme) en die berge en die riviere en die vlaktes en die lande, ens.

Bravehaert: *"Every man dies, but not every man really lives!"*

Die betekenis van Peter Pan (Finding Neverland), het my laat besef die lewe kan geniet word. Grootmense is "boring" sê Peter Pan, want hulle werk en lees net koerant en worry oor die toekoms, geld, ens. Hulle speel nie meer nie. *"Grownups are no fun"*

Marry Poppins: *"In every job that has to be done, there is an element of fun. Find that element and snap! The job is a game!"*

*Die lewe vol verantwoordelikhede kan ook "fun" wees.*

Die uwe

Mede reisgenoot in die LEWE!

# Pinkster 2024

## Solitaire



Tema:
Pioniers
in ons Tyd

Ds. Dewald du Toit

Sondag: God die Vader
Genesis 11:4

Maandag: God die Seun
Lukas 24:36-49

Dinsdag: God die Gees
Handelinge 2:1-13

Woensdag: God se Kinders
Handelinge 13:1-3

Donderdag: Hemelvaart by
Wes-Gemeente

Hiermee word jy hartlik uitgenooi na die
Pinkster diens
te Solitaire saaltjie vanaf
Sondag 5 Mei 2024 tot Donderdag 9 Mei 2024
om 18:30 elke aand.
Almal is Welkom

**<u>SPYSKAART - VERKOPE TYDENS PINKSTER</u>**

<u>SONDAG 5 Mei</u>
Muffins: R10
Koffie/tee R5

<u>MAANDAG 6 Mei</u>
Pannekoek R20 vir 3
Koffie/tee R5

<u>DINSDAG 7 Mei</u>
Boerewors rolle R25
Koffie/tee R5

<u>WOENSDAG 8 Mei</u>
Sop en tuis gebakte brood R20 bodemloos

<u>DONDERDAG 9 Mei</u>
Pannekoek R20 vir 3
Koffie/tee

# Pinkster Moedergemeente Caledon 12 Mei tot 16 Mei.

2024 Pinkster

## Regsinnig, ruimhartig

**Sondagoggend 12 Mei 9:30**
Regsinnig oor die Vader ... ruimhartig met mekaar
(Handelinge 2:37-46; Lukas 6:36; 2 Korintiërs 9:6-11)

**Sondagaand 12 Mei 18:30**
Regsinnig oor Jesus ... ruimhartig met armes
(Handelinge 3:1-10; 2 Korintiërs 8:9; Filippense 2:5)

**Maandag 13 Mei 18:30**
Regsinnig oor die Gees ... ruimhartig met ander
(Handelinge 8:4-25; Lukas 9:51-56; Galasiërs 5:22-23)

**Dinsdag 14 Mei 18:30**
Regsinnig oor die Bybel ... ruimhartig met soekers
(Handelinge 8:26-40; 2 Timoteus 3:14-17)

**Woensdag 15 Mei 18:30**
Regsinnig in belydenis ... ruimhartig met lydendes
(Handelinge 4:1-22; Romeine 10:9-13)

**Donderdag 16 Mei 18:30**
Regsinnig oor God ... ruimhartig in die wêreld
(Handelinge 1:1-8; 2 Timoteus 1:6-8)

Spyskaart verkope tydens Pinkster:

Sondag 12/5
- Sop en brood R10

Maandag 13/5
- Braaibroodjies met ham, kaas en tamatie R15

Dinsdag 14/5
- Pannekoek 2 @ R10

Woensdag 15/5
- Worsbroodjies R15

Donderdag 16/5
- Pannekoek 2 @ R10

Groete.
Protea DS

## Pinkster dankoffers gaan vir Bybelgenootskap en Ruyterwacht

Poppekas elke aand tydens Pinkster! Moet dit nie misloop nie.



## Heidehof:

**Elke middag 14:30 word Pinkster diens uitgesaai by Heidehof.**

**Maandag 13/5—Vrydag 17/5**

Wil jy graag in die kerk se koor sing?

Kom sing saam Sondag 5 Mei, ons oefen lekker voor Pinkster Dienste.

Almal is welkom!

vanaf 18:00 in kerk.






| Naam | Van | Geboortedatum | Selfoon |
|---|---|---|---|
| Jo | Rheeder | 03/05/1932 | 27835605720 |
| Anna | van Zyl | 08/05/1935 | |
| Helie | Fick | 12/05/1941 | 27849526839 |
| Chris | De Jager | 06/05/1944 | 27721947756 |
| Lambert | Badenhorst | 08/05/1949 | 27828195522 |
| Leon du Toit | Bester | 08/05/1955 | 27827149403 |
| Johan | Langenhoven | 04/05/1956 | 27825584871 |
| Marlene | Rousseau | 03/05/1958 | 27825706693 |
| Hans | Matthee | 04/05/1958 | 27794320923 |
| Paul | Mönnig | 05/05/1958 | 27723004594 |
| Maryna | Botes | 05/05/1968 | 27829238441 |
| Martin | Maritz | 09/05/1977 | 27827747743 |
| Johan | Theron | 05/05/1982 | 27828686564 |
| Francois | Ellis | 04/05/1990 | 27726928509 |
| Sean | Loftie-Eaton | 04/05/1990 | 27834132180 |
| Marian | De Waal | 12/05/1990 | 27833590012 |
| Mariëtte | Van Deventer | 08/05/2002 | |
| Benita | Fourie | 12/05/2005 | |
| Ilne | Delport | 09/05/2007 | |
| Christiaan | Lubbe | 06/05/2010 | |
| Jean | Uys | 06/05/2016 | |
| Bella | Grant | 05/05/2022 | |
| Sias | Linde | 03/05/2023 | |

## Voorbidding

Ons is dankbaar saam met Louhette de Wet vir haar goeie vordering. (Freesia)

Ons bid steeds saam vir Riette Steyn tydens haar behandelings. (De Kuil)

Ons dink aan tannie Reneé Lourens en familie met die afsterwe van oom Con. Sy troosdiens is Saterdag 4 Mei 10:00 by die kerk. (Sentrale)

Willem van Deventer (Heidehof)

# Preeknotas

Rom.15:1-9

God wil hê ons moet gasvry wees.

Vir God was eenheid van Sy volk altyd belangrik.
Jesus wil ook hê die Kerk moet eensgesind wees
Dis ook die werk van die Heilige Gees om ons in eenheid te bind.
Daarom, wanneer ons in liefde met mekaar leef bring ons God eer en lof aan Jesus.

Hoe doen ons dit?

Ons verdra en dra mekaar.

Ons nooi mekaar en dien mekaar.

Ons verwelkom ander wat selfs anders is as ons.

Ons gee van die hoop en liefde wat ons ontvang het aan.

*Deur julle liefde vir mekaar sal die mense My sien.*

Geagte lidmate

**Ondersoek na moontlik terugstigting**

Op 10 April 2024 het die twee NG gemeentes van Caledon se afvaardigings besin oor eenwording. Die vergadering het moeite gemaak om na God se stem te luister oor ons diens in Caledon en eenparig tot die volgende aanbeveling gekom.

Die volgende stappe in die proses:

- 'n Aanbeveling sal aan beide NG Caledon gemeentes se Kerkrade gemaak word, om ten gunste vir die eenwording van die twee (2) NG Caledon gemeentes te stem.
- Gespreksgeleenthede vir lidmate sal geskeduleer word.
- Tydens die Kerkraadsvergaderinge, wat in Junie 2024 plaasvind, sal daar gestem word of die eenwordingsproses gaan plaasvind.
- Die besluit van die kerkrade sal vir twee (2) Sondae in beide NG Caledon gemeentes se weeklikse nuusblaaie verskyn. Gemeentelede sal die geleentheid hê om enige besware te lig.
- Indien die Kerkrade ten gunste is vir die eenwordingsproses, sal die proses agtien (18) tot vier-en-twintig (24) maande duur.

Alle inligting is deurlopend beskikbaar op albei gemeentes se kommunikasie kanale asook op navraag.

Sterkte vir al ons boere en ook met die nuwe plantseisoen wat voorlê. Ons wense is dat al ons boere 'n geseënde seisoen sal ervaar.





## Heidehof Garagewinkel

Ons verkoop goeie kwaliteit tweedehandse mans en dames klere, skoene, linne, boeke, cd's, dvd's, handsakke, krale, puzzles en vele meer. Alles ten bate van die inwoners van Heidehof Tehuis vir Bejaardes. Kom loer gerus in vanaf 8h30 - 12h30 onder by die parkeerarea:

Mei maand se dae wanneer winkel oop sal wees:

**3,6,7,15 en 24 Mei**

Enige donasies of skenkings is altyd welkom en word opreg waardeer! Belangstellendes kan ook vir Helena van Wyk kontak by: 082 924 8773

# So hou ons kontak!

**Kerkkantoor: 028 212 1202**
**ngkcaledon@twk.co.za**

**Kantoor Whatsapp-nommer:**
**072 807 3192**



**Ds. Dewald du Toit:**
**028 212 1332 |082 940 4901**
**dutoitdewald@yahoo.com**

**Ds. Willem Lubbe:**
**082 718 7298**
**willemlubbe@hotmail.com**

**Webblad: ngcaledon.co.za**

**Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente**

**Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,**
**NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229**
**Takkode: 183509**

Snap here to pay
SnapScan